

<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/covid-19-sa-het-nuwe-episentrum/>

Covid-19: SA het nuwe episentrum

25 Junie 2020

Tania Heyns




(Foto: Brian Inganga/AP)

Gauteng is die nuwe episentrum van die koronavirus in Suid-Afrika met dié provinsie wat tans meer aktiewe gevalle Covid-19 as die Wes-Kaap het. Dit terwyl die aantal nuwe gevalle in die land oor die afgelope week teen 'n vinniger koers aangemeld is as wat pasiënte van die virus kon herstel.

Gauteng het teen Woensdagaand meer as 20 000 (20 153) aktiewe gevalle van die virus gehad. Dít vergeleke met die Wes-Kaap se 14 837 aktiewe gevalle Covid-19. Dié gevalle verwys na pasiënte wat tans aan die virus ly en nog nie herstel of gesterf het nie.

Barend Uys, hoof van navorsing en ontwikkeling by die burgerregteorganisasie AfriForum, het aan Maroela Media verduidelik dat Gauteng beslis as die nuwe episentrum beskou kan word, aangesien dié provinsie tans meer aktiewe gevalle as enige ander provinsie het.



Grafiek verskaf deur Barend Uys, AfriForum.

Dit blyk dat Gauteng die Wes-Kaap reeds byna 'n week gelede met aktiewe gevalle verbygesteek het, al het die Wes-Kaap steeds by verre die meeste bevestigde gevalle Covid-19 (55 162) tot op hede aangemeld. Altesaam 38 433 (70%) pasiënte het reeds in die Wes-Kaap herstel, terwyl 1 599 pasiënte in die Wes-Kaap tot dusver weens Covid-19 gesterf het.

Gauteng het tot op hede 26 156 bevestigde gevalle van die nuwe koronavirus aangemeld, met 5 856 pasiënte wat reeds van die virus herstel het. Dié provinsie se dodetal staan op 147.


Volgens Uys is Gauteng se tempo van nuwe infeksies oor die afgelope weke veel hoër as dié van die Wes-Kaap. Hy verduidelik verder dat hoewel die Wes-Kaap steeds daaglik nuwe gevalle aanteken, die aantal nuwe gevalle in dié provinsie begin afneem, terwyl die aantal nuwe gevalle in Gauteng al vinniger toeneem.



Grafiek verskaf deur Barend Uys, AfriForum.

Altesaam 111 796 mense landswyd het sedert die uitbreek van die nuwe koronavirus al positief getoets vir Covid-19 en 56 874 (50,8%) mense het reeds herstel. Die herstelkoers het dié tyd verlede week op 55,1 % gestaan.

Altesaam 13 742 van dié pasiënte het oor die afgelope week in Suid-Afrika van Covid-19-herstel – ’n gemiddeld van 1 963 pasiënte per dag oor die afgelope sewe dae. Meer as 31 000 mense het egter in dieselfde tyd positief getoets, wat beteken die aantal nuwe Covid-19-gevalle is die afgelope week teen ’n vinniger koers aangemeld as wat mense herstel het.



Grafiek verskaf deur Barend Uys, AfriForum.

In die Vrystaat het nog geen pasiënt sedert Sondag van Covid-19 herstel nie en in die Noord-Kaap het nog geen pasiënt sedert Maandag van die virus herstel nie. Dié provinsies se herstelstelsel het die afgelope week tog met onderskeidelik 42 en 60 toegeneem.

Altesaam 116 pasiënte in Noordwes het die afgelope week van die nuwe koronavirus herstel hoewel dié pasiënte eers vanaf Sondag begin herstel het. Volgens Barend neem gevalle in Noordwes al vinniger toe.

In Mpumalanga het die herstelsyfer verlede week tussen Donderdag en Saterdag stilgestaan. Tog het altesaam 53 pasiënte die afgelope week negatief getoets vir Covid-19 nadat hulle vantevore positief getoets het.



(Foto: Unsplash)

Die Wes-Kaap het die afgelope week die meeste gevalle wat herstel getoon (5 410), gevolg deur die Oos-Kaap (3 823) en Gauteng (2 140).

In Limpopo het 85 pasiënte die afgelope week weer negatief getoets en in KwaZulu-Natal is 814 pasiënte nou weer koronavirusvry.

Uys verduidelik dat KwaZulu-Natal nie juis inligting bekend maak wat kenners in staat kan stel om te verklaar waarom dié provinsie se syfers nie op 'n soortgelyke wyse as Gauteng en die Wes-Kaap toeneem nie. Die eerste geval Covid-19 is in Maart in KwaZulu-Natal aangemeld.

Altesaam 6 075 bevestigde gevalle van die nuwe koronavirus is sedertdien in dié provinsie aangemeld. Altesaam 2 947 van dié pasiënte het reeds van die virus herstel, terwyl daar 91 sterftes was.